Hoërskool Duineveld

deur geleenthede tot uitnemendheid

Privaatsak X5886
Upington, 8800
Tel: (054) 338 8222
Faks: (054) 338 8288

www.duineveld.co.za
skoolhoof@duineveld.co.za
leerdersake@duineveld.co.za
admin@duineveld.co.za

24 November 2023

Geagte ouers,

Na afloop van gistraand se Begrotingsvergadering, is die Skool-en Koshuisbegrotings vir 2024 goedgekeur. Hiermee die volgende belangrike inligting vir u aandag;

HOËRSKOOL DUINEVELD SKOOLFONDS 2024

Skoolfonds per leerling per jaar vir 2024:	**R22 950,00**

BETAALOPSIES:

1. Eenmalig teen 29/02/2024 (R500) korting)		R22 450,00
2. Per kwartaal:	Eerste betaling teen 31/01/2024	R5 737,50
	Tweede betaling teen 30/04/2024	R5 737,50
	Derde betaling teen 31/07/2024	R5 737,50
	Laaste betaling teen 31/10/2024	R5 737,50
3. Per maand (Januarie tot Oktober)		R2 295,00

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam:	Hoërskool Duineveld
Standard Bank:	Tjekrekening 040661539
Tak:	Upington 051001
Verwysing:	Rekeningnommer en kind se eerste doopnaam en van
	Stuur asseblief bewys van betaling aan ***debiteure@duineveld.co.za***.
	(Indien rekeningnommer nog nie beskikbaar is nie, gebruik jaartal, eerste doopnaam en van)

MW 4x4 Fitment 054 050 1388
TOPKLAS 4X4 ONDERSTELLE
43 Markstr. Upington
My 4x4 Fitment 078 219 7178 @my4x4fitment
Upington Toyota
Tel: 054 337 7100
NEEM LEIDING TOYOTA

HOËRSKOOL DUINEVELD KOSHUISGELDE 2024

Koshuisgelde per leerling per jaar vir 2024:	**R29 700,00**

BETAALOPSIES:

1. Eenmalig teen 29/02/2024 (R500 korting)		R29 200,00
2. Per kwartaal:	Eerste betaling met aankoms	R9 000,00
	Tweede betaling teen 03/04/2024	R8 000,00
	Derde betaling teen 09/07/2024	R7 000,00
	Laaste betaling teen 01/10/2024	R5 700,00

Maandelikse afbetalings word nie toegelaat nie.

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam:	Hoërskool Duineveld Koshuise
Standard Bank:	Tjekrekening 040663094
Tak:	Upington 051001
Verwysing:	Rekeningnommer en kind se eerste doopnaam en van
	Stuur asseblief bewys van betaling aan ***debiteure@duineveld.co.za***.
	(Indien rekeningnommer nog nie beskikbaar is nie, gebruik jaartal, eerste doopnaam en van)

ADDISSIONELE KOSHUISFOOIE BETAALBAAR (OPSIONEEL):

1. Yskasgelde per jaar:	R 800,00
2. Waterverkoelergelde per jaar :	R1 500,00

(Gebruik verwysing Yskas/Verkoeler & kind se doopname en van)

1. BETALING VAN SKOOLFONDS:

Skoolfonds is 'n statutêre verpligting in terme van die SA Skolewet (nr. 84 van 1996) waardeur ouers verplig word om skoolfonds te betaal. Skoolfonds is jaarliks vooruit betaalbaar, die skool bied ouers egter die geleentheid om dit maandeliks of kwartaalliks af te betaal, onderhewig aan die voorwaarde dat daar nie betalings gemis word nie.

a. Maandeliks

- Betalings vind in **10 gelyke paaiemente** plaas, met die eerste betaling in Januarie, en die laaste (10de) betaling teen einde Oktober.
- Betalings moet geskied voor of op die 7de dag van die daaropvolgende maand (byvoorbeeld: einde Januarie se paaiement is voor of op 7 Februarie betaalbaar).

b. Kwartaalliks

- Betaling vind in **4 gelyke paaiemente** plaas met laaste betaling teen einde Oktober.

2. KONTANT BETALERS:

- Kontant betalings word vanaf 2023 nie meer aanvaar nie.
- Ouers word versoek om elektroniese fonds oorplasings of bankdeposito's te oorweeg met die betaling van skool-en koshuisgelde.
- Kaartfasiliteite is beskikbaar by die finansiële kantoor.

3. KWYTSKELDINGS:

- Hoerskool Duineveld moet teen 15 Maart 2024 voldoen aan die finansiële oudit wat kwytskelding van skoolgeld betref. Alle aansoeke om kwytskelding, ondersteun deur die nodige stawende bewyse, moet teen **29 Februarie 2024** ingehandig word by me. Marleen van Dyk te die debiteure kantoor te Hoërskool Duineveld.
- Indien u aansoek om kwytskelding onvolledig ingehandig word sal dit ongelukkig nie verwerk en oorweeg kan word nie.
- Indien u finansiële posisie hierna verander en u noodgedwonge aansoek moet doen, moet die skool skriftelik in kennis gestel word en die proses sal dan volg.

4. AGTERSTALLIGE REKENINGE

- Rekeninge word maandeliks per e-pos uitgestuur. Maak seker dat u die rekening ontvang.
- Let egter dat indien paaiement nie op die betaaldatum/maandeliks voor/op die 7de dag van die maand betaal word nie, die volle uitstaande skoolgelde vir die jaar opeisbaar en betaalbaar is en oorhandig mag word vir die invordering daarvan.
- `n Skriftelike afbetalingsreëling kan met die skool getref word deur ondertekening van `n skulderkenning vir voorlegging en goedkeuring deur die skoolbeheerliggaam.
- Indien die skriftelike afbetalingsreëling nie aanvaar word nie, of alternatiewelik geen skrjftelike afbetalingsreëling getref word indien skoolgelde agterstallig is nie, sal die uitstaande skoolgelde vir die jaar oorhandig word vir die invordering daarvan en sal beide ouers aanspreeklik gehou word vir betaling van alle regskoste aangegaan soos op `n prokureur -en kliëntbasis.
- Die skool se slegte skulde het oor die laaste tyd baie toegeneem en ons gaan ongelukkig baie streng moet optree teenoor agterstallige gelde.

- Ons versoek u vriendelik om asseblief betalings op datum te hou.
- Indien u enige navrae ten opsigte van skoolfonds of koshuisgelde het, kontak me. Marleen van Dyk by debiteure@duineveld.co.za of tydens kantoorure by (054) 338 8222.
- U samewerking ten opsigte van die betaling van skoolgelde word waardeer.

Vriendelike groete,

Dr. Rooies Andrianatos
Skoolhoof